**September - Oktober 2023**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 22, No. 5** **Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep & Okt-Nov 2022 *Tomorrow's World*-tydskrifte**



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## God openbaar sy plan!

Om en by hierdie tyd van die jaar kom daar verskeie Heilige Dae voor wat onbekend is aan die meeste nie-Jode. Die eerste is Roosj Hasjana – die Fees van Trompette. Tien dae later is Joom Kippoer – die Versoendag. Vyf dae daarna is dit die sewe dae van die Huttefees wat onmiddellik gevolg word deur die Laaste Groot Dag.

Tussen die Christene wat hierdie dae onderhou, is die lede van die Lewende Kerk van God, die borg van die *Wêreld van Môre.* Sommige mense sal dalk wonder waarom nie-Jode hierdie dae onderhou – waarom hulle nie tradisionele vakansiedae soos Kersfees, Paasfees, Driekoningedag, St. Valentynsdag en *Halloween* [Allerheilige-aand] onderhou nie?

Die antwoord is eenvoudig vir enigiemand met 'n ontvanklike gemoed. Jesus sê: "... daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:23-24). Goeie bedoelings is nie goed genoeg nie – volgens Jesus moet ons ook in *waarheid* aanbid. Die waarheid is dat God vir ons spesiale dae gegee het om ons te leer aangaande Sy plan van verlossing, terwyl die heidense wêreld ons nie-Bybelse tradisies gegee het en waaraan hulle nou Christus se Naam koppel. Watter onderhouding is korrek? Maak dit werklik saak?

'n Paar jaar gelede het jongmense armbandjies gedra met die letters WSJD, wat staan vir "Wat Sou Jesus Doen?" Dit is 'n billike vraag en word die beste deur Jesus Self beantwoord. Wat *sou* Jesus gedoen het indien Hy vandag op die aarde was?

**Die belangrikste voetstappe om te volg**

Die antwoord is voor die hand liggend: Hy sal presies doen wat Hy gedoen het toe Hy 2,000 jaar gelede op die aarde was. (Hebreërs 13:8). Wat hét Hy gedoen? Hy het die Pasga en die Fees van Ongesuurde Brode onderhou (Lukas 2:41-43; Matthéüs 26:17-20). Hy het die Huttefees en die Laaste Groot Dag onderhou, selfs ten spyte van die dreigement van die dood (Johannes 7:1-2, 10, 37).

Elkeen van die Apostels, met inbegrip van Paulus, het óók hierdie dae onderhou (Handelinge 2:1; 20:16; 1 Korinthiërs 5:7-8; 16:8). Hierdie is slegs 'n paar van die verwysings wat ons kan aanhaal. Terwyl die Bybel Jesus se geboorte beskryf, vind ons nêrens in die Skrif 'n jaarlikse viering daarvan nie – ook nie van Paasfees of enige van die ander gewilde "Christelike" vakansiedae se vierings nie.

Maak dit egter saak?

Besef u dat dit *onmoontlik* is om Sy plan vir die mensdom ten volle te verstaan sónder om God se Heilige Dae te onderhou en dit te verstaan? Indien u nog nooit ons bron, *Die Heilige Dae – God se meester-plan,* gelees het nie, maak seker dat u 'n gratis eksemplaar bestel by u naaste streekkantoor (lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of lees dit aanlyn by *www.wvm.co.za*. U sal antwoorde ontdek op vrae waaroor u moontlik u hele lewe lank al wonder. Wat gebeur met babas wat net 'n paar dae oud is wanneer hulle sterf of met diegene wat lank leef, maar nooit gehoor het van Christus nie? Waarom dan, indien God Almagtig is, word so min mense oënskynlik vandag gered? Sal die bron van die kwaad altyd by ons wees? Het ons deel aan verlossing of is dit "alles vir ons gedoen"? Hoe gaan die wêreld eindig? Wat is die beloning van dié wat "gered" word? Al hierdie vrae en meer word beantwoord deur die Bybelse Heilige Dae en Feeste.

Lesers van die *Wêreld van Môre* (of diegene wat na ons TV-uitsending *Tomorrow's World* kyk) kritiseer ons soms omdat ons sê dat Christus nié vanaand sal kom nie; ander mense het weer 'n probleem daarmee wanneer ons sê dat die tyd van Sy koms naby is. Hulle maak beswaar omdat hulle nie God se plan vir die mensdom, soos geopenbaar in Sy Heilige Dae, verstaan nie en hulle bly in

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – God openbaar sy plan!**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Terugval na Sodom** 3
Die mens is geneig om die massas te volg sonder om in ag te neem waarheen dit lei. Waarheen het moderne neigings ons gelei?

**O Kanada! Slaan ag op die alarm: Lesse van Pickering** 8

**U Bybel is ook 'n dieetboek!** 11
God se Woord verskaf baie belangrike instruksies met betrekking tot die opbou en instandhouding van ons fisiese gesondheid.

**Die dag van die Here: Wat is dit?** 15
Hierdie geheimsinnige dag van die Here sal almal op aarde raak. Wat presies is dit? Hoe sal dit u en u geliefdes raak?

**Sal Rusland uitmekaar skeur?** 20
Mense was geskok toe die Sowjet-Unie in 1991 ontbind het. Is Rusland sélf, ná drie dekades, besig om uitmekaar te skeur?

**Roe is uit, Dobbs is in: DIE STAND VAN ABORSIE IN AMERIKA** 24

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Terugval na Sodom

## Deur Gerald E. Weston

Baie wetenskaplikes en filosowe beweer dat hulle die belangrikste basis van werklikheid soeLeuens het ons samelewing van vaste beginsels beroof en ons gaan nie hou van waarheen ons op pad is nie. k. Tog weier hulle om die bewyse te aanvaar wat so ooglopend is!

U het waarskynlik die aanhaling gehoor: "Indien 'n leuen vertel word én dit herhaal, sal mense dit uiteindelik begin glo". Dit word gewoonlik toegeskryf aan Joseph Goebbels, minister van propaganda in Nazi-Duitsland. Goebbels het, ironies genoeg, iets soortgelyks gesê, as 'n beskuldiging teen sy Britse vyande – hy het nie erken dat dit op hom of sy eie nasie van toepassing was nie. Dit was ook die Britse eerste minister Winston Churchill, wat die volgende beroemde stelling gemaak het: "Gedurende tye van oorloë is die waarheid so kosbaar dat dit altyd deur 'n lyfwag van leuens begelei behoort te word".

Is 'n leuen aanvaarbaar wanneer 'n "goeie persoon" dit vertel? Is die waarheid "so kosbaar" dat ons 'n leuen behoort te verkies? Ons wêreld is beslis verward met betrekking tot die waarheid en valsheid, eerlikheid en leuens. Absolute waarheid word inderdaad aangeval – ons het dus, "U waarheid is nie mý waarheid nie." Ons is egter dankbaar dat diegene wat die vliegtuie ontwerp wat ons van Londen na New York vervoer, in die werklike wêreld van absolute aëro-dinamiese wette leef. Ingenieurs werk met wette wat onveranderlik is. Enige opregte en regdenkende mens verstaan dit. Dit is slegs op die gebied van menslike gedrag dat waarheid as buigbaar beskou word en absolute wet verwerp word.

Die impak van 'n leuen is natuurlik afhanklik van die mate waarin dit versprei kan word. Gedurende die Tweede Wêreld-oorlog moes daar staat gemaak word op mondelingse kommunikasie, telegram-oordrag, radio-uitsendings en ander metodes wat ons as verouderd beskou. Hulle toerusting was beperk, hoewel effektief. Stel u egter voor: Indien hulle vandag geleef het, hoe Nazi-propagandiste se monde sou water om vandag se toerusting te gebruik om leuens te versprei deur middel van Internet en sosiale media. Nog nooit in die geskiedenis van die mensdom was daar meer toerusting beskikbaar om valshede op te tower, samesweringsteorieë te versprei en politieke agendas te bevorder nie.

Om die impak van misleiding tot die maksimum te benut, moet 'n mens 'n stap verder gaan. Alle beskikbare pogings moet aangewend word om enige meningsverskil met betrekking tot die leuen uit te kanselleer en te onderdruk. Terwyl Hitler se propaganda die mag van die staat gebruik het om sy agenda met die Duitse volk te *bevorder*, het die Nazi-regime ook *meningsverskille onderdruk*. Teenstand is nie geduld nie. "Kanselleer-kultuur" is dikwels wreed deur die Nazi-staat toegepas.

### Gevolge van verlies aan vertroue

Die gevaar wat ons vandag in die gesig staar, is baie groter, aangesien die bronne van valshede en sameswerings veel verder as die staat strek, maar duidelik die staat nie uitsluit nie. Oor die afgelope twee jaar het ons 'n verlies aan vertroue in die akademie, media en die regering gesien. Dit is nie dat ons instellings nie reeds kwessies met betrekking tot geloofwaardigheid gehad het nie, maar was daardie vertroue al ooit op so 'n laagtepunt soos nou? Soos Wallace Smith in die *Tomorrow's World* van Februarie 2022 se artikel *"The Credibility Crisis"* berig het, is die publiek sonder twyfel by talle geleenthede, deur voorheen gerespekteerde instellings en individue, mislei.

'n Mens kan redelikerwys bevraagteken waarom *The New York Times* deur baie mense gewantrou word en wanneer daardie wantroue begin het, maar let op hierdie hoofopskrif van *MSN.com*: "*New York Times Issues Messy Correction for Error-Riddled Covid Story*."

"'n Vorige weergawe van hierdie artikel het die optredes van mense in beheer in Swede en Denemarke geneem is, verkeerd beskryf," het Donderdag 'n regstelling aangeteken. "Hulle het die gebruik van die Moderna-entstof by kinders gestaak; hulle het nie begin om enkeldosisse aan te bied nie. Die artikel het ook die aantal Covid-hospitaal-opnames by Amerikaanse kinders verkeerd weergegee. Dit is meer as 63,000 vanaf Augustus 2020 tot Oktober 2021, nié 900,000 sedert die aanvang van die pandemie nie" (8 Oktober 2021).

Dit is nie verbasend dat dit maklik is om die oorspronklike "foutiewe" artikel te vind nie maar u sal gelukkig wees om die *Times* se regstelling te vind. Was dit 'n geval van slordige beriggewing deur Apoorva Mandavilli of was dit 'n blatante poging om die beriggewing te beheer ten gunste van vooroordeel? 'n Mens sou nie sulke slordigheid verwag van 'n verslaggewer wat so onlangs as 2019 met 'n Victor Cohn-toekenning vir uitnemendheid in die verslaggewing van mediese wetenskap vereer is nie.

Dit alles laat die groter vraag ontstaan oor wát in ons wêreld aangaan. Die Westerse kultuur is besig om 'n gedaanteverwisseling deur leuens reg voor ons oë te ondergaan. Wat skuil agter hierdie oorgang? Wat het van die waarheid geword? Gewone mense is verstom oor wat hulle waarneem as oënskynlik waansinnige besluite deur hulle leiers. Ons hoor dikwels: "Niemand kan só dom wees nie", wat aandui dat mense vermoed dat daar 'n verskuilde agenda aan die gang is. Wie skuil daaragter? Wat sal die uiteinde wees?

Sommige mense neem die globaliste soos George Soros, Bill Gates, Mark Zuckerberg, Klaus Schwab en enigiemand wat met die Wêreld Ekonomiese Forum geassosieer word, kwalik. Anthony Fauci en groot farmaseutiese maatskappye word deur talle teoretici van sameswerings beskuldig, soos diegene agter die Internetplasing van 27 Junie 2022 waar ons ingelig word – of altans verkeerdelik ingelig word – dat "Die Globaliste beplan om 90% van die mensdom dood te maak". Hierdie *Wêreld van Môre*-artikel is nie bedoel om so 'n verstommende bewering te bevestig of te ontken nie, hoewel dit moeilik *is* om te glo. Inteendeel, ons is hier om aan te dui wat min mense verstaan: *Al* hierdie individue – maak nie saak hoe boos, arrogant, gierig, nederig of welmenend nie – is blote pionne.

Wat duidelik is, is dat daar name – bekend en onbekend, beroemd en onbekend – is wat agter 'n radikale transformasie van die Westerse kultuur skuil en daar bestaan min twyfel dat hulle uiteindelike doelwit is om tradisionele waardes te vernietig, waarvan baie waardes gebaseer is op Bybelse beginsels. Dit verklaar waarom daar 'n oorlog is teen tradisionele rolle binne die gesin en teen enige rasionele begrip van wat dit beteken om manlik of vroulik te wees.

**Die oorlog teen God**

Die verwarring wat ons vandag sien, het nie tydens enigeen van ons se lewens begin nie. Hoogaangeskrewe filosowe soos Jean-Jacques Rousseau en Karl Marx was deur en deur anti-God rebelle. Charles Darwin het vorendag gekom met 'n teorie om die skepping sónder 'n Skepper te verduidelik, hoewel dit in werklikheid nié so is nié. Die bewyse van God word oral om ons gevind indien ons net ons oë sal oopmaak en die intelligensie wat aan ons gegee is, sal gebruik. Die feite ondersteun nié makro-evolusie nie. Ten spyte van bewerings dat geologiese optekenings evolusie bewys, dui daardie optekenings net mooi die teenoorgestelde aan en geoloë weet dit. Darwin self het dit ook as 'n probleem erken. Die grootste struikelblok vir evolusie is egter hoe nie-lewende materiaal lewend geword het. Hoe kon die onmoontlike gebeur – hoe kon die eerste sel homself voed en voortplant? Moenie dat enigiemand u mislei nie. Daar is nie iets soos 'n "eenvoudige" sel nie. Selfs bakteriële selle is alles behalwe eenvoudig.

Slegs gedurende die afgelope dekades het ons geleer hoe ingewikkeld lewe is. Iemand wat 'n mate van begrip oor dié onderwerp het, is die skrywer en selferkende evolusionis, Bill Bryson. Hoe is dit dat hy, en hy is

glad nie al een nie, kan bly glo in 'n teorie wat niemand kan bewys nie? Hoe is dit dat hy en ander mense glo dat blinde toeval en 'n fratsongeluk kan doen wat geen menslike intelligensie kan naboots nie? Let op hierdie verstommende stelling deur Bryson in sy boek van 2019-boek, *The Body:*

> Dit maak nie saak hoeveel u betaal of met hoeveel sorg u die materiaal versamel nie, u gaan nie 'n menslike wese skep nié. U kan al die intelligentste mense wat nou leef of nog ooit geleef het, bymekaar bring en hulle toerus met die totale som van menslike kennis en hulle sou tussen hulle nie 'n enkele lewende sel kon maak nie, wat nog te sê van 'n menslike wese.

Bryson gaan dan voort om van die "wonder van lewe" te praat, maar kan dit nie verduidelik nie. Wie is dit dus nóú wat op geloof en wonderwerke vertrou? Wetenskaplikes vererg hulle oor die karakterisering van hulle geloof in "blinde toeval", maar die uitgesproke Richard Dawkins weerspreek dit deur in een van sy boeke, *The Blind Watchman,* dit te noem ter ondersteuning van hierdie verouderde teorie. Die begeerte om te leef sonder 'n hoër mag wat waarheid en standaarde vir reg en verkeerd verklaar, dryf mense om die *onmoontlike* te vertrou.

Elkeen van ons moet een van slegs twee verklarings vir die oorsprong van lewe kies: Dat dit die werk van 'n hoër intelligensie is of dat dit die gevolg van blinde toeval is. Ongelukkig het baie van die selfverklaarde geleerdes van die wêreld, laasgenoemde gekies. Sodra 'n mens God uit die prentjie laat, word elke mens aan homself oorgelaat om te besluit wat is reg en wat is verkeerd, wat is die beste roete om te volg en wat nie. Hierdie oorlog teen God is die gevolg van die mensdom se ingebore vyandigheid teenoor Goddelike waardes. "... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderworpe hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:7).

Kan ons nie die verband sien tussen die Westerse wêreld se toenemende verwerping van God en die toenemende verwarring en een ramp na die ander nie? Kan ons nie besef *dat die man wat vir niks staan, vir enigiets sal val nie*? Wanneer geslag na geslag volwassenes 'n dieet van leuens van 'n toevallige bestaan gevoer word en daar geen absolute morele waarhede is waarvolgens ons behoort te leef nie nie, waarom is ons verbaas deur 'n generasie van rigtinglose kinders?

**Die Sodom-afvalligheid**

Dink aan *hoe ver* ons wêreld van Bybelse waarhede afgedwaal het. Let op hierdie Februarie 2021-opskrif van *CBS News:* "1 uit 6 generasie Z-volwassenes identifiseer hulleself as iets anders as heteroseksueel". In die verslag word verder verduidelik: "Byna 16% van generasie Z-volwassenes, wat in 2020 tussen die ouderdomme van 18 en 23 was, identifiseer as LGBTQ, volgens die meningsopname".

Dink aan *hoe vinnig* die waardestelsel verander. Slegs 'n jaar later, in Februarie 2022, het *Axios.com* hierdie opskrif oor die jongste meningsopname gepubliseer: "Die aantal LGBTQ-identifiserende volwassenes skiet die hoogte in". Die artikel het voortgegaan: "Een uit vyf Gen Z-volwassenes identifiseer as LGBTQ en daardie getal sal na verwagting net styg, volgens 'n *Gallup*-meningsopname wat Donderdag vrygestel is" (19 Februarie 2022).

Baie mense is verstom oor hoe Duitsers in die 1930's so maklik mislei kon word om by 'n oorlog betrokke te raak wat verwoesting veroorsaak het vir 'n groot deel van die wêreld, met inbegrip van hulle eie geliefde land. Enige persoon wat daaroor nadink, behoort egter dieselfde vraag te vra wat betref ons agteruitgang van Sodom in die een-en-twintigste eeu. Hitler se propagandiste sou trots wees op die doeltreffendheid van vandag se media, al het hulle nie dieselfde agenda gehad nie. Destyds het hulle net radio, die gedrukte woord en opvoedkundige instellings gehad – vandag het ons al drie, plus die Internet, sosiale media en televisie om elke soort valsheid te versprei.

Die Internet is 'n bron van leuens. Sosiale media bevorder nie slegs die anti-God-agenda onder die misleidende dek-

mantel van insluiting en verdraagsaamheid nie, maar dit bevorder ook elke sameswering waaraan 'n mens kan dink. Nog erger, algoritmes lei mense verder en verder op hulle eie gekose pad van misleiding, aangesien elke persoon dink hy of sy volg die *regte* rigting.

**Soos 'n skaap om geslag te word**

Mense is geneig om die massas te volg, maak nie saak waarheen dit lei of wie leiding neem nie. Wanneer 'n bekende persoon 'n *mohawk* haarstyl dra, sal sy volgelinge dit ook naboots. Steek 'n ring deur jou tong en ander mense sal dieselfde doen, hoewel hierdie belaglike gier gelukkig afgeneem het. Dit geld egter nie waar dit by tatoeëermerke kom nie. Voorheen was dit die gebruik van dronk matrose op landverlof, maar vandag sien ons mans en vrouens op alle vlakke van die samelewing wat daarmee spog. Waarom nie, indien 'n mens geen oppergesag in jou lewe het nie? Indien 'n mens wel respek het vir die Een wat aan ons lewe gegee het, sal dit 'n goeie idee wees vir u om te lees wat Hy oor die onderwerp sê (Levítikus 19:28).

Sonder 'n opperste God om hulle te lei, wend mense hulle tot '*bloggers', 'podcasters'* en sosiale media in die algemeen vir inligting en bevestiging. Hoe *maklik* word ons gemanipuleer indien daar geen morele anker in ons lewe is nie.

Baie van die akademiese instellings is oorgeneem deur propagandiste wat die verwerping van alle selfbeheersing bevorder, net soos dit voorspel is: “Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak” (Hoséa 4:2). Hierdie goddelose opvoeders het by die universiteite begin, oorgeskakel na die hoërskole en teiken nou diegene van so jonk as vyf jaar oud, indoktrineer en verwar hulle of hulle seuns, meisies of iets heeltemal anders is. Enigiemand wat nie daarby inval nie, word “gekanselleer”.

Waarom, indien dit alles oor verdraagsaamheid en insluiting gaan, word Bybelse waardes nie geduld en daarby ingesluit nie? Wie dit ook al gesê het, het hy of sy dit kort en bondig gestel: “Dit word dus uiters belangrik vir die staat om met alle mag andersdenkendes te onderdruk”.

Die grootword-proses was nog altyd 'n uitdaging. Dit is 'n tydperk wanneer individue op soek is na waar hulle inpas in die groter prentjie. Vandag is dit egter erger, aangesien daar baie portuurgroepe en beginsellose kansvatters is om vir hulle die pad aan te dui en hulle aan te moedig met 'n sosiale media “like” en “mooi só”, om die nuutste neiging te volg, maak nie saak hoe vernietigend dit is nie. Hoe anders kan ons die toename van diegene wat identifiseer met LGBTQIA+-bewegings verduidelik?

**Die Waarheid maak u vry**

Die profeet Jesaja het geweet dat waarheid, geregtigheid en regverdigheid in hierdie huidige Godverwerpende wêreld sou ontbreek en het oor die stand van sy volk geskryf:

> “Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie. Daarom is die reg ver van ons en bereik die geregtigheid ons nie; ons wag op lig, maar kyk, daar is duisternis; op 'n helder skynsel, maar ons wandel in dikke donkerheid. Ons tas rond langs die muur soos blindes, en soos die wat geen oë het nie, tas ons rond; ons struikel op die middag soos in die skemeraand; ons is onder die gesondes soos dooie mense. Ons brom almal soos bere, en soos duiwe kir ons aanhoudend; ons wag op reg, maar dit is nie daar nie; op heil – dit bly ver van ons ... die afval en verloëning van die HERE en afwyking van agter onse God; die uitspreek van verdrukking en oortreding, die opneem en uitstoot van leuentaal uit die hart. So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie” (Jesaja 59:8-11, 13-14).

Daar is nogtans hoop. Jesus het gesê: “As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:31-32). Die waar-

heid is die vyand van leuenagtige propaganda, "die doodsvyand van die leuen en dus by uitbreiding, die waarheid is die grootste vyand van die staat".

Jesus het van dié wat Hom volg, gesê: "Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:16-17). Ja, die waarheid sonder ons af van die weg van hierdie wêreld. Terwyl akademici, die media, korporasies, regerings en selfs geestelike leiers, gedrag aanmoedig wat vir God onaanvaarbaar is, word diegene wat verstaan dat daar absolute morele waarhede bestaan, diegene wie 'n morele anker het en daarna streef om volgens daardie weg van waarheid te leef, word weerhou van gedrag wat verwarring, lyding, depressie en wanhoop meebring.

Dit beteken nie dat dit altyd maklik is om in hierdie wêreld te leef nie. Dit is beslis nié maklik nie. Jesaja het gesê: "Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder" (Jesaja 59:15). Kanselleerkultuur kan pynlik wees, maar om daarteen op te staan het uiteindelik 'n beloning tot gevolg. Die waarheid *sal* op die ou einde seëvier. Soos ons aangehaal het: "Die leuen kan slegs gehandhaaf word vir solank as wat die staat die mense kan beskerm teen die politieke, ekonomiese en/of militêre gevolge van die leuen". In die huidige konteks *kan die leuen slegs gehandhaaf word vir solank as wat die moderne propagandiste die mense kan "verblind" vir die morele, ekonomiese en kulturele gevolge van die leuen.*

Daar sál gevolge wees – trouens, vir diegene wat oplettend is, dit is reeds waarneembaar. Die belonings sal so kom – beide nou én in die toekoms, maar diegene wat daardie belonings sal ontvang, het insig en moed nodig. Ware Christenskap is nie vir die swakkes nie, maar vir die dapperes! WvM

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Sal Rusland uitmekaar skeur?*

onmiddellik 'n dominante wêreldmoondheid word – militêr, polities en ekonomies. Dit sou nie meer vir NAVO of die VS as 'n oorkoepelende kern-organisasie nodig hê nie en kan selfs 'n teëstander vir die V.S. wees.

**Tien konings**

Is dit moontlik dat hierdie scenario in die nabye toekoms 'n werklikheid kan word? *Wêreld van Môre*-lesers weet dat hierdie tydskrif lank reeds die Bybelse profesieë verduidelik oor tien konings of nasies wat in die laaste dae van hierdie eeu in een magtige Europese superstaat sal verenig. Hierdie finale herlewing van die sogenaamde Heilige Romeinse Ryk sal oostelike en westelike bene hê, net soos God deur die profeet Daniël gesê het (Daniël 2:31-44; 7).

Hierdie wêreldoorheersende mag sal gelei word deur 'n genadelose, charismatiese individu wat ondersteun sal word deur 'n magtige godsdienstige figuur wat wonderwerke sal verrig. In samewerking met mekaar sal hulle die samelewing se aandag op hulle vestig en groot mag verkry vir 'n kort tydjie voor Jesus Christus se Wederkoms. Namate hierdie laaste dae nader kom, is dit noodsaaklik dat u bekend is met hulle besonderhede! Om meer te wete te kom, bestel 'n gratis eksemplaar van *"Die Dier van Openbaring"* by u naaste streekkantoor. Die adres verskyn op bladsy 2 van hierdie uitgawe of u kan dit aanlyn lees by *www.wvm.co.za*. WvM

# O Kanada! Slaan ag op die: alarm: Lesse van Pickering

**Deur Michael Heykoop**

**Dit is 'n Sondagoggend in die middel van Januarie** – die perfekte tyd om dinge in en om die huis te doen. Dít wil sê, tot my telefoon begin gons met 'n dringendheid wat dui op iets meer as 'n gewone teksboodskap of telefoonoproep. Die gelui was harder, langer en op 'n hoë toonhoogte as 'n gewone kennisgewing. Ek was destyds nie bewus daarvan dat miljoene telefone regoor Ontario op soortgelyke wyse gegons het nie.

My aanvanklike aanname was dat dit 'n *Amber Alert* moet wees – 'n teksboodskap van die polisie, waarin alle inwoners gevra word om op die uitkyk te wees vir 'n voertuig met 'n spesifieke nommerplaat of individu wat moontlik met 'n ontvoerde kind verband hou. Wat ek egter gelees het, was nie wat ek verwag het nie:

> 'n Voorval is by die *Pickering* kernkragstasie aangemeld. Daar was GEEN abnormale vrystelling van radio-aktiwiteit vanaf die stasie nie en noodpersoneel is besig om aandag te gee aan die situasie. Mense naby die *Pickering*-kernkragstasie hoef nie op hierdie tydstip enige beskermingsmaatreëls te tref nie.

Die *Pickering* kernkragaanleg, wat op daardie stadium al sedert 1971 veilig gefunksioneer het, is vir die meeste mense in die groter Toronto-omgewing 'n aspek van die lewe waaroor hulle selde gedink het. Die fasiliteit huisves ses *CANDU*-reaktors wat 14 persent van Ontario se krag produseer en na verwagting sal daar in 2028 met die proses van diensbeëindiging begin word.

Ten spyte van al die jare se veilige funksionering en die duidelike stelling dat optrede nie nodig was nie, het die woorde, "'n voorval is aangemeld by die *Pickering* kernopwekkingsaanleg, tog 'n stortvloed van verskeie moontlike scenario's by mense laat opkom.

**'n Valse, maar leersame alarm**

Die boodskap was 'n vals alarm en is ongeveer 40 minute later via *Twitter* opgehef. 'n Tweede boodskap, wat byna twee uur ná die aanvanklike boodskap gestuur is, het bevestig dat die waarskuwing foutief gestuur is. Talle individue het 'n diep sug van verligting geslaak. Die verskillende ramp-scenario's het egter in ons gedagtes vasgesteek en vrae met betrekking tot paraatheid by baie mense laat ontstaan. Die tydskrif *Maclean's* het berig dat 'n webwerf vir kernveiligheid meer as 32,000 bestellings vir kaliumjodiud-pille gedurende die volgende paar dae ontvang het ("*Pickering* se plan vir kernafval," 18 Februarie 2020).

Kort na die voorval het die *Durham Region* 'n nuusbulletin gepubliseer waarin die reaksieplan in nood uiteengesit is in geval van so 'n gebeurtenis. Terwyl baie mense tydens die eerste boodskap geslaap het en eers van die voorval bewus geraak het toe hulle die tweede boodskap gelees het, sou die waarskuwingstelsel in die geval van 'n werklike voorval baie vollediger gewees het.

> Indien die provinsie sou besluit om die openbare waarskuwingstelsel te aktiveer, sal daar binne 15 minute openbare waarskuwing-sirenes hoorbaar wees vir diegene binne 'n radius van drie kilometer van die aanleg. Huise binne 'n 10 kilometer-radius sal weer 'n outomatiese oproep na hulle landlyne ontvang ("Wat sou gebeur as daar werklik 'n kernongeluk in Durham was?", 15 Januarie 2020).

Die artikel in die *Durham Region* het verdere planne vir ontruiming hersien. Detail van die verskillende veiligheidskenmerke van die aanleg is

beskryf en hoe lank bestraling binne die fasiliteit geberg kan word voordat dit vrygestel kan word. Die realiteit is dat kernkrag geskiedkundig een van die veiligste vorms van kragopwekking is. Tog bestaan daar steeds die gevaar van rampe.

Alhoewel u streek dalk nie 'n kernkragstasie het nie, is daar min dele van die wêreld wat gevrywaar is teen een of ander vorm van 'n ramp. Dikwels is hierdie potensiële bedreigings die laaste ding waaraan ons dink – totdat iets verkeerd loop. Terwyl voorbereiding vir 'n ramp tot uiterstes geneem kan word, is daar wysheid daarin om vir die onverwagte voorsiening te maak. Neem 'n paar oomblikke om die potensiële gevare en natuurrampe in u area te oordink en vas te stel watter noodplanne tans in plek is.

Enige noodplan is egter nutteloos indien mense nie die waarskuwingstekens herken en daarop ag slaan nie. Planne is afhanklik van iemand om alarm te maak en dat diegene wat in gevaar is, op die waarskuwing reageer. Indien die eerste *Pickering*-teksboodskap 'n akkurate waarskuwing teen 'n ramp was en geen ander oproep uitgegaan het nie, hoeveel mense sou die boodskap betyds gesien het? Hoeveel van hulle sou op die waarskuwing ag geslaan het?

Die boek Eségiël bevat 'n ernstige waarskuwing vir diegene wat 'n waarskuwingsboodskap hoor, sowel as vir diegene wat verantwoordelik is om alarm te maak:

> "... as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel. As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis" (Eségiël 33:4-6).

Bybelse profesieë skets baie gebeure wat elke man, vrou en kind op die planeet sal raak. Terwyl baie vroegtydige waarskuwingstelsels, ontruiming of ander maatreëls, aanbeveel in 'n poging om rampe te beperk, dring God se Woord aan op *gehoorsaamheid en toewyding* – Sy beskerming is die enigste vorm van veiligheid waarvan ons seker kan wees in tye wat voorlê. Baie van die gebeurtenisse wat in die Bybel beskryf word, blyk onmoontlik om te oorleef. Die God wat magtig genoeg is om wêreldgebeure duisende jare vooruit te profeteer, is egter ook magtig genoeg om diegene wat aan Hom gehoorsaam is te beskerm. Die woorde van koning Dawid in die Psalms maak God se vermoë om Sy volk te verlos van selfs die afgryslikste gebeurtenisse duidelik.

> "Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie" (Psalm 91:4-7).

**Geprofeteerde noodgevalle wat voorlê**

Baie Bybelse profesieë skets die opkoms, motiewe, konflikte en uiteindelike val van verskeie eindtydse supermoondhede. Hierdie toekomstige magte is dalk nie wie u dink nie. Twee van hulle – die "koning van die Noorde" en die "koning van die Suide" oor wie die profeet Daniël geskryf het (Daniël 11), sal binnekort op die wêreldtoneel verskyn en die lewe soos ons dit ken, sal vir altyd verander word.

Soos met enige vroegtydige waarskuwingstelsel, is dit noodsaaklik dat diegene wat in gevaar is, weet waarna om op te let. God se woorde, wat in Sy Skrif gevind word, bied 'n duidelike begrip van waarna om op te let en die belangrikste, hoe om te reageer. Indien u meer

hieroor wil weet, kan u 'n gratis eksemplaar van twee boekies naamlik *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig* en *Openbaring: Die Verborgenheid Onthul!* aanvra. U kan dit ook aanlyn lees by *www.wvm.co.za.* Dit sal u help om die identiteit van die koning van die Noorde en die koning van die Suide te ondersoek en te verstaan hoe hulle ons wêreld sal hervorm. WvM

---

***Vervolg vanaf bladsy 26 – Roe is uit, Dobbs is in***

Joe Manchin van Wes-Virginië – dikwels 'n “hardekop” onder sy mede-demokrate. Die dae is verby toe konserwatiewe senatore liberale aanstellings op grond van hulle geregtelike meriete geëvalueer het en liberale senatore, konserwatiewes op grond van hulle geregtelike meriete geëvalueer het. Niemand in Washington verwag om nog 'n regter te sien wat bevestig word deur 'n 78-22 aantal stemme soos hoofregter John Roberts (aangestel deur George W. Bush in 2005) of deur 'n 87-9 aantal stemme soos regter Breyer (aangestel deur Bill Clinton in 1994) nie. Selfs in die hof het 'n atmosfeer van wantroue ontstaan in die nasleep van die lekkasie van regter Samuel Alito se konsep-opinie in Mei 2022 wat klaarblyklik (behalwe latere byvoegings wat kommentaar gelewer het op ander regters se menings) verskil het van die finale dokument, hoofsaaklik op die vlak van proeflees, nie inhoud nie.

Terloops, wat betref die veiligheid en vertroulikheid van SCOTUS-beraadslagings, behoort ons daarop te let dat, aangesien hierdie artikel vroeg in Augustus ter perse gaan, die identiteit van die fluitjieblaser onbekend bly.

**U staat en u regering?**

Ons behoort ook daarop te let dat die regters – ten minste teoreties – se taak nie is om te besluit wat reg en wat verkeerd is nie, maar eerder om te besluit wat die V.S. grondwet vereis of toelaat. Selfs die drie andersdenkende regters wat in *Dobbs* verskil het, het die hof se belang erken om die lewe van wat hulle die “fetus” in die baarmoeder genoem het, te beskerm. Die meerderheid se opinies het nogtans nie 'n grondwetlike rede gevind vir die Federale Regering om daardie lewe te beskerm nie – dit het eenvoudig individuele state toegelaat om te besluit hoe en wanneer burgers hulle babas kan doodmaak.

Is dinge nou “beter” of “slegter” vir swanger moeders en die lewens in hulle baarmoeder? By die *Wêreld van Môre* verstaan ons aborsie as 'n Skriftuurlike vraag, nie 'n politieke een nie. Ons kan nie die onomstootlike waarheid vermy dat 'n aborsie 'n mensie doodmaak nie – geneties verskillend van sy of haar moeder – wat gemaak is na die beeld van die Goddelike Skepper. 'n Gedeelte uit die boek Spreuke kan moontlik by u opkom: “Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel 'n gruwel: trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet, 'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop, een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai” (Spreuke 6:16-19). Hoeveel goddelose beplanning en leuens gaan steeds aan namate die aborsiedebat voortgaan? Hoeveel bloed is al vergiet van onskuldige nuwe lewens wat wag om gebore te word?

Die politieke twispunte illustreer nogtans die twispunte rondom die SCOTUS-besluit baie goed, een rede waarom God Sy volk as “lewende ambassadeurs” beskou in hierdie huidige wêreld. As Christene is dit ons plig om te groei in Sy regverdige karakter – om nie toe te laat dat ons aandag afgelei word om die een of ander partydige perspektief te ondersteun nie. Selfs die mees kundige opgestelde wetgewing wat deur die mensdom ontwerp is, kan nie voldoen aan God se volmaakte Wet nie, wat geregtigheid en barmhartigheid aan almal bewys en Sy geregtigheid handhaaf. Die dag sal kom – binnekort – wanneer Sy Koninkryk en Sy volmaakte Wet van liefde op planeet Aarde sal heers. WvM

# U Bybel is ook 'n dieetboek!

Deur Douglas S. Winnail

Die Bybel is nie 'n *handboek* oor voeding of fisiese gesondheid nie. Wanneer ons egter sien hoe waardevol die Bybel se instruksies op soveel ander terreine van die menslike lewe is, behoort dit ons nie te verbaas dat die Bybel ook belangrike *leiding* gee oor hoe ons die beste fisiese gesondheid kan verkry en dit behou nie.

Trouens, u Bybel bevat 'n verskeidenheid belangrike instruksies oor die opbou en instandhouding van ons gesondheid. Is fisiese gesondheid egter 'n doel op sigself of is dit hoofsaaklik 'n middel tot 'n groter doel?

**Die Huidige Diagnose**

Vir eeue lank het die Westerse beskawing baie waarde geheg aan goeie gesondheid as 'n middel tot 'n doel naamlik om te oorleef, 'n bestaan te maak, 'n gesin te versorg of 'n edele doel te bereik. In meer onlangse jare het die soeke na gesondheid egter 'n doel op sigself geword – 'n soeke met die doel om die ideale dieet of die beste oefening te vind en die "perfekte" liggaam te skep. Vandag het gesondheid en liggaam vir baie mense, moderne *gode* geword.

In die strewe na liggaamlike perfeksie soek miljoene mense eindeloos na die nuutste gesondheidsgeheime. Mense bestee enorme bedrae geld aan inspuitings, voorskrifte en prosedures – tog neem die groeikoers van vetsug in die Verenigde State jaar na jaar toe, waar meer as 70 persent van volwassenes as oorgewig, vetsugtig of *ernstig* vetsugtig geklassifiseer word. Dit is 'n skokkende toename, selfs meer as 'n dekade gelede, toe "slegs" 60 persent van individue in daardie kategorieë geval het. Gewig is nie net 'n probleem op sigself nie; dit dra by tot die lyding van miljoene mense wat hartsiektes, kanker, beroerte, diabetes en ander kwale in die gesig staar. Die storie is soortgelyk in ander ontwikkelde nasies.

Vir baie mense is die moderne, alles-oorheersende soeke na gesondheid 'n duur en nimmereindigende soektog na 'n "heilige graal/beker" wat dikwels in gebreke bly om die gesondheid en gemoedsrus te weeg te bring wat die meeste mense begeer. *Waarom?*

Ontbreek daar 'n dimensie in ons lewens vandag met betrekking tot ons soeke na gesondheid? Die meeste mense in die moderne Westerse nasies, het 'n verwronge beeld van gesondheid omdat hulle die anker, die kompas, verloor het wat bedoel is om aan ons balans te gee in ons benadering tot gesondheid. Ons bevind onsself, meegesleur van een uiterste na 'n ander – van medikasie tot kruie, van chirurgie tot "massering om die vloei van energie te herstel". Ons kyk selde na die mees betroubaarste bron van waarheid in ons lewens: Die Bybel.

In die Skrif voorsien God fundamentele beginsels om ons persoonlike keuses te lei op maniere wat gesondheid bevorder en siektes voorkom. Die Bybel is meer as 'n lys van "moets en moenies" wat betref gesondheid. Uit die Skrif leer ons dat ons na die beeld van God geskape is (Génesis 1:26). Ons liggame is egter nie geskape om vir ewig te hou nie (Psalm 39:5; Jakobus 4:14; Hebreërs 9:27). Ons uiteindelike uitdaging is om te leer hoe om soos God te dink, om 'n karakter soos Syne te ontwikkel (Filippense 2:5) en liefde vir ander te betoon (Johannes 15:17). Hierdie lewe is bedoel om 'n oefenlopie vir 'n wonderlike toekoms te wees (1 Korinthiërs 9:24-27). Wanneer ons leer om God se instruksies te volg, sal ons 'n beloning ontvang wat insluit om sáám met Jesus Christus te regeer, wanneer Hy terugkeer om die Koninkryk van God op hierdie aarde te vestig (Openbaring 5:10). Dit is die Evangelie wat Christus gebring het – die goeie nuus van die Koninkryk van God (Markus 1:14-15).

**Leiding wat betref vleis**

Die bekendste en die onverstaanbaarste Bybelse gesondheidsinstruksies is waarskynlik dié wat handel oor rein en onrein vleis (Levítikus 11; Deuteronómium 14). Mense noem dit dikwels die "Joodse" voedselwette omdat baie mense wat Judaïsme beoefen dit steeds nakom – tog volg Moslems en ander groepe ook soortgelyke voedselbeperkings. Selfs vir diegene wat die verkeerde idee het dat Jesus "weggedoen" het met die dieetwette, kan die waarde van daardie wette vir gesondheid maklik raakgesien word. Baie van die diere wat deur die Skrif "onrein" genoem word, is aasdiere (byvoorbeeld slakke, krappe, krewe en meeue). Hulle ekologiese rol is om dooie plante of diere te vreet. Ander onrein diere sluit organismes in wat hulle voedsel filter (byvoorbeeld mossels en oesters). Hulle ekologiese rol is om water in mere, strome en riviermondings te suiwer. Ander onrein diere is roofdiere (byvoorbeeld leeus, slange en krokodille). Hulle rol is om die getalle en gesondheid van ander dierebevolkings te beheer.

Baie onrein diere is ook draers van parasiete wat ernstige siektes by mense veroorsaak. Varke, bere, eekhorings en wasbere veroorsaak triginose en ander siektes. Aasdiere soos krappe en krewe kan long- en lewerslakke oordra. Menslike bevolkings wat gereeld hierdie wesens eet, het dikwels hoë vlakke van parasitiese infeksies. Organismes wat hulle voedsel filter, soos mossels en oesters, kan hoë konsentrasies giftige swaar metale, patogeniese bakterieë en virusse bevat, wat hulle gevaarlik maak vir menslike gebruik.

Wanneer 'n mens hierdie diertjies eet, eet mens eintlik organismes wat God geskep het om die natuur se "skoonmaakspan" te wees. Sal u die inhoud van u stofsuiersak of vullissak eet? Beswaarlik! Hierdie diertjies word tog in baie "*gourmet*"-geregte gebruik, omdat mense gevaarlik onkundig is oor die risiko's daaraan verbonde. Vir 'n gelowige in God is dit duidelik dat Hy daardie onrein diere geskep het vir ander doeleindes as om voedsel vir mense te wees. Wanneer ons eet wat God vir ons gesê het om nie te eet nie, doen ons dit tot ons eie nadeel. Ongelukkig verstaan moderne teoloë nie die waarde van hierdie kragtige openbare beginsels van gesondheid nie – ook nie baie mense wat hulleself "Christene" noem nie. Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, kan u ons gratis boekie, *Bybelse beginsels van gesondheid,* aanvra of dit aanlyn lees by *www.wvm.co.za.*

God is egter *nie* teen die eet van vleis nie – Hy openbaar dat daar baie "rein" vleis is wat geskik is vir menslike gebruik, soos gedefinieer in Deuteronómium 14:3-20 naamlik beeste, osse, skape, bokke, takbokke, wildsbokke – enige dier wat herkou en gesplete hoewe het, is "rein" vir menslike gebruik. Daar is ook talle voëls en verskillende variëteite van visse wat geskik is vir die menslike spysverteringstelsel.

Ons behoort egter nie die waarde van groente saam met vleis te vergeet nie. In Génesis lees ons dat God, benewens rein vleis, vir die mensdom vrugte, groente en graan vir voedsel gegee het (Génesis 1:29; 2:16; 9:3). Vrugte, groente en volgraan bevat vesel en ander komplekse koolhidrate. Voedingkundiges het gedurende die afgelope dekades die waarde van hierdie voedingstowwe toenemend begin erken. Vesel, wat voorheen beskou was as nutteloos. 'n Groot hoeveelheid vesel by die derminhoud speel 'n belangrike rol in die beskerming van die liggaam teen kolonkanker en ander chroniese siektes. Komplekse koolhidrate is ook 'n belangrike deel van 'n gesonde dieet omdat dit help om hartsiektes en beroertes te voorkom deur cholesterolvlakke te verlaag.

**Wat van bloed en vet?**

God het Moses geïnspireer om aan te teken dat bloed en sekere vette – selfs van rein diere – nie as voedsel vir mense gebruik mag word nie (Génesis 9:4; Levítikus 3:17; 7:23-26), maar tog is die eet van bloedwors, die eet van "*fatback*" [varkvet] en die vermenging van bloed en melk in sommige kulture, algemene praktyke. Moderne wetenskap

verstaan dat die bloed van diere, met bakterieë en virusse besmet kan wees wat siektes kan oordra. Die Bybelse verbod op die inname van bloed help om die verspreiding van siektes te voorkom.

Die verbod op die inname van sekere soorte sigbare vet is ewe belangrik – veral omdat dit deel vorm van ons moderne dieet. Natuurlik verbied die Bybel nie neute, sade, vrugte, groente en (rein) vis nie, wat alles bronne van gesonde vette kan wees. Dit is sekerlik nie toevallig dat die meeste moderne mediese studies aandui dat diëte wat groot hoeveelhede van sekere soorte vet bevat, soos sommige wat met die lys in Levítikus ooreenstem, ook geassosieer word met gewigstoename, vetsug, hartsiektes, verskeie soorte kanker en ander probleme nie. Hoewel daar 'n mate van verskillende opinies is rakende die gekompliseerde besonderhede oor watter vette goed en watter sleg is, is die Bybel se raad duidelik, maklik om te volg en dit is al meer as 3,000 jaar lank onveranderd. Die antieke verbod wat Moses opgeteken het, is vandag rotsvaste advies vir gesondheid.

Nog 'n ernstige probleem met Westerse diëte is die hoë inname van verfynde koolhidrate. Lewensbelangrike voedingstowwe word in die verfyningsproses van byvoorbeeld meel en suiker vernietig. Bevolkings wat groot hoeveelhede verfynde koolhidrate verbruik, ervaar hoër koerse van diabetes en ander verwante probleme. Baie van hierdie siektes en chroniese toestande kan vermy word deur bloot Bybelse riglyne te volg. In die boek Spreuke vind ons die beginsel van matigheid: “Het jy heuning gevind, eet tot jy genoeg het, sodat jy daar nie sat van word en dit uitspuug nie” (Spreuke 25:16) en, “Om baie heuning te eet, is nie goed nie” (Spreuke 25:27). Lank voordat die samelewing besef het dat die oormatige gebruik van lekkergoed skadelik is vir ons gesondheid, het die Bybel ons al aangeraai om matigheid en selfbeheersing te beoefen – twee lewensbelangrike eienskappe wat ook in ander geskrifte aanbeveel word (vergelyk 1 Korinthiërs 9:25; Galásiërs 5:23).

**Ander middels?**

Terwyl die Bybel dronkenskap en die misbruik van alkohol duidelik veroordeel (Spreuke 20:1; 1 Korinthiërs 5:11), veroordeel dit nié die matige gebruik van alkohol nie (Deuteronómium 14:26). Jesus het by 'n bruilof, water in wyn verander (Johannes 2:1-11). Die apostel Paulus het vir sy beskermling Timótheüs gesê om “'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede” te gebruik (1 Timótheüs 5:23). Weereens is die sleutel *matigheid*. Matige hoeveelhede alkohol laat 'n mens bietjie ontspan, verhoog HDL-vlakke (“goeie” cholesterol) verminder die risiko van kardiovaskulêre siekte en verhoog die afskeiding van maagsure, wat vertering by bejaardes aanhelp.

Alhoewel tabak en dwelms vir ontspanning nie uitdruklik in die Skrif genoem word nie, word beginsels wat die gebruik van sulke verslawende middels duidelik gestel. Paulus skryf dat ons nie deur ons fisiese impulse beheer behoort te word nie (1 Korinthiërs 6:12) en dwelmmisbruik lei daartoe dat die slagoffers daarvan in die mag van uiters skadelike verslawing kom. Die Bybel se beginsels ten opsigte van gesondheid is nie bedoel om mense van hulle genot te ontneem nie, maar die “genot” van aftakelende dwelms is van korte duur en veroorsaak uiteindelik baie groot skade. Vir meer oor hierdie onderwerp, kan u 'n gratis eksemplaar van *Marijuana: What They Aren't Telling You* aanvra of u kan dit aanlyn lees by*.Tomorrows-world.org*. U kan ook hier mnr. Wallace Smith se artikel in die *TomorrowsWorld* se uitgawe van Augustus 2022, “*Dying to Get High*” lees.

**Fiksheid, nie giere nie**

Met dit alles in gedagte, behoort ons nie die positiewe ervaring van oefening na te laat nie. Deur die eeue heen het baie mense 'n stereotipe idee ontwikkel dat 'n ideale Christelike lewe stil en onaktief is – gewy aan gebed, studie, meditasie en nie veel ander dinge nie. Hierdie dinge vorm wel deel van ons Christelike lewe, maar ons kan nie anders

as om op te let dat Jesus Christus as 'n skrynwerker na hierdie aarde gekom het in 'n tyd toe daar nie kraggereedskap was nie. Petrus, Andréas, Jakobus en Johannes, wat gekies was om van Christus se Apostels te wees, was vissermanne wat nie diesel-aangedrewe hystoestelle gehad het om hulle nette in te trek nie. Gedurende die tyd wat Jesus Sy eerste dissipels geroep het om Hom te volg (Matthéüs 4:19; Johannes 11:54), was hulle genoodsaak om honderde kilometers in 'n jaar te stap. Hulle fisies aktiewe leefstyl het hulle gesond gehou en stamina verskaf om hulle roeping te na te kom.

Omdat baie mense vandag beroepe beoefen wat vereis dat hulle byna elke werksdag vir baie ure voor 'n rekenaar sit bereik ons heel waarskynlik nie die Apostels se graad van fiksheid nie. Die apostel Paulus raai ons nietemin aan dat, alhoewel ons primêre fokus op geestelike sake behoort te wees, “die liggaamlike oefening ... tot weinig nut [is], maar die godsaligheid is nuttig vir alles” (1 Timòtheüs 4:8). Dit is presies wat moderne navorsing toon. Alhoewel hierdie voordele net tydelik is, is die uitwerking daarvan langdurig – dit sluit verlaagde cholesterolvlakke, bloeddruk en spanning in. Om aktief te wees kan ook diabetes, hartsiektes en 'n magdom ander probleme voorkom.

**Gesonde gevolgtrekkings**

Wanneer ons die Bybel se riglyne ten opsigte van dieet volg en dit met oefening kombineer, wat volgens die Skrif voordelig is, kan ons 'n vlak van fisiese gesondheid in ons lewens bereik wat tot ons voordeel sal wees, ongeag voor watter ander uitdagings ons te staan kom – of dit nou uitdagings van fisiese, emosionele of selfs geestelike gesondheid is. God openbaar in Sy Woord 'n lewenswyse wat al talle ander mense gehelp het en dit kan u ook help.

Wanneer ons daardie leefstyl verstaan en daarvolgens leef, kan ons verbeterde fisiese gesondheid ervaar, wat lei tot wonderlike seëninge vir ons as individue en ook as 'n samelewing. “Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan” (3 Johannes 2). WvM


# Die Bybel:

## Feit of fiksie?

***Is die Bybel net ’n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Die dag van die Here: Wat is dit?

## Deur Richard F. Ames

Hierdie geheimsinnige dag van die Here sal almal op aarde raak. Wat presies is dit? Hoe sal dit u en u geliefdes raak?

Daar is in meer as 30 profesieë in die Ou en Nuwe Testamente van u Bybel, 'n belangrike profetiese gebeurtenis opgeteken. Dit is die kerngedagte van ons begrip van die moeilike tye direk voor Jesus Christus se Wederkoms – en tóg verstaan die meerderheid van belydende Christene dit heeltemal verkeerd.

Hierdie geheimsinnige gebeurtenis word die dag van die Here genoem en dit sal almal op planeet Aarde raak. Dit sal 'n tyd van oorlog, siekte, hongersnood en wydverspreide dood wees – op 'n baie groter skaal – anders as enigiets wat ons wêreld nog ooit beleef het. So verwoestend soos wat die dag van die Here tog sal wees, sal dit 'n teken wees dat die grootste gebeurtenis in wêreldgeskiedenis, die Wederkoms van Jesus Christus, naby is.

Wat presiés is die dag van die Here? Waarom word dit so algemeen verkeerd verstaan? Hoe sal dit u en u geliefdes raak? 'n Noukeurige studie van u Bybel en die profesieë daarin, openbaar die verstommende waarheid.

**Watter dag is dit?**

Teen die einde van die eerste eeu n.C. het die apostel Johannes 'n gedetailleerde en gekompliseerde profetiese boek geskryf. Sommige Bybels noem dit "Die Openbaring van Johannes die heilige", maar in werklikheid is dit nie Johannes se openbaring nie – dit is "DIE openbaring van Jesus Christus" (Openbaring 1:1).

In die eerste hoofstuk van sy boek skryf Johannes: "Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin" (Openbaring 1:10). Hierdie eenvoudige stelling is lank reeds die bron van groot verwarring. Die deursnee leser – belydende Christene wat hulle eredienste op Sondae bywoon – mag dalk aanneem dat Johannes van Sondag as daardie dag van die week gepraat het.

Dit is egter 'n groot misverstand. Ons weet uit Johannes se eie geskrifte dat wanneer hy gepraat het van Sondag, hy dit die "eerste dag van die week" genoem het, soos hy dit in sy eie Evangelie genoem het (Johannes 20:1, 19). Johannes het geweet dat Jesus Homself "Here ook van die sabbat" genoem het (Markus 2:28). Die Sabbat is natuurlik die séwende dag van die week. In plaas daarvan om te verwys na 'n dag van die week, verwys hy na "die dag van die Here". Dit beskryf die tema van sy hele boek Openbaring – 'n tyd, bekend as die profetiese dag van die Here, wat sy hoogtepunt sal bereik met Jesus Christus se Wederkoms as Koning van die konings en Here van die here!

Wanneer ons deur die spanningsvolle en skrikwekkende gebeure van Openbaring lees, kan ons dalk wonder: *Hoe kan dit alles in een dag gebeur?* Inderdaad, die woord "dag" hier beteken nie 'n tydperk van 24 uur – een omwenteling van ons planeet op sy as – nie. Dit word gebruik in die sin van 'n langer tydperk, soos jare of 'n era.

Hoe lank sal hierdie geprofeteerde "dag" van die Here dus duur? Baie Bybelgeleerdes is bekend met die profetiese beginsel dat een dag een jaar voorstel. Nadat Josua se twaalf spioene die beloofde land verken het en tien van hulle teruggekeer het met vals verslae, het God vir die Israeliete gesê: "Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word" (Númeri 14:34).

Nog 'n voorbeeld van hierdie een dag vir 'n jaarbeginsel word in die boek Jesaja gevind. Ons lees: "Want

die HERE hou 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion" (Jesaja 34:8). Ja, die boek van Openbaring het as tema die dag van die Here – 'n gebeurtenisvolle *jaar* waartydens God Sy oordeel oor die opstandige mense van planeet Aarde sal uitstort!

**Sewe seëls openbaar eindtyd gebeure**

Met die begin van die Groot Verdrukking, sal dramatiese gebeure op die aarde plaasvind. Die apostel Johannes beeld dit uit in Openbaring as die onthulling van sewe geheimsinnige seëls. In sy visioen sien Johannes "En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie" (Openbaring 5:2-3).

Natuurlik was slegs Jesus Christus waardig om die boekrol oop te maak en die sewe seëls daarvan te openbaar. Die eerste vier van daardie seëls word dikwels beskryf as die vier ruiters van die Apokalips waarvan ons lees in Matthéüs 24. Ons vind daar dieselfde chronologiese volgorde van gebeure in die eindtyd wat deur Jesus se profetiese woorde beskryf en gespreek was op die Olyfberg.

Die eerste seël verteenwoordig vals christusse en vals godsdienste wat beweer dat hulle Christus_verteenwoordig (Openbaring 6:2). Die tweede seël openbaar 'n ruiter op 'n rooi perd, met die mag "om die vrede van die aarde af weg te neem" (vers 4). Die derde seël openbaar 'n ruiter op 'n swart perd, wat wêreldwye hongersnood voorstel (vers 5-6). Die vierde seël openbaar 'n ruiter op 'n vaal perd, met die name "dood en die doderyk". Terwyl die vier perderuiters ry, is hulle in staat om 'n vierde van die wêreld se bevolking te dood te maak (vers 8).

**Martelaarskap en tekens**

Dan maak Christus die vyfde seël oop. "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het" (Openbaring 6:9). Hier word die martelaarskap van die heiliges – die ware Christene – beskryf. In die eerste eeu het die keiser Nero, Christene vervolg en gewelddadig doodgemaak. Hierdie vyfde seël voorspel dat selfs 'n gróter vervolging van heiliges in die eindtyd sal plaasvind.

Wanneer Jesus die sesde seël oopmaak, openbaar Hy die hemelse tekens wat mense oral rondom die aarde: "Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopmaak, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos hare, en die maan het soos bloed geword. En die sterre van die hemel het op die aarde, soos 'n vyeboom sy laatvye laat val as dit deur 'n geweldige wind geskud word. Toe het die lug teruggetrek soos 'n boekrol wanneer dit opgerol is, en elke berg en eiland uit sy plek verskuif is" (Openbaring 6:12–14).

Die Almagtige God sal die aandag van die opstandige mensdom kry deur hewige aardbewings en skokkende hemelse tekens. Die Skepper-God sê vir ons: "Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe" (Hebreërs 12:26).

Hierdie kosmiese versteurings en aardbewings lui die dag van oordeel oor alle nasies in. Jesus Christus sal die nasies oordeel tydens die dag van die Here, die tyd wanneer die Almagtige God, kragtig in wêreldsake sal ingryp soos nog nooit tevore nie. Hy sal oordeel uitspreek oor opstandige nasies en Hy sal selfs daardie nasies toelaat om aktief te probeer om mekaar in wêreldkonflik te vernietig voordat hulle bymekaarkom om die terugkerende Jesus Christus teë te staan. Die sewende seël van Openbaring, openbaar die jaarlange dag van die Here – die sewe basuinplae en die toorn van die Lam (Openbaring 6:16-17).

**'n Profesie vir ons geslag**

Die Ou Testamentiese profeet Joël het 'n waarskuwing vir ons generasie:

> "BLAAS die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby — 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag;

> soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, *kom* 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie" (Joël 2:1-2).

Johannes se visioen is met 'n trompet aangekondig en Joël beskryf hiér die geluid van 'n basuin wat die dag van die Here aankondig. Hy waarsku ons in verband met 'n tyd van verskriklike vernietiging – uniek in die hele geskiedenis. In moderne terme sou ons dit 'n "verskroeide aarde-beleid" kan noem, aangesien alles vervalle gelaat sal word. "Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie" (Joël 2:3).

Joël gee ook vir ons sý beskrywing wat dieselfde hemelse tekens openbaar wat Johannes in die boek Openbaring gesien het. "En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom" (Joël 2:30-31). In die naderende dag van die Here sal ons wêreld ongelooflike ontwrigtings in die hemele, sowel as verwoesting van die aarde se oppervlak sien. "Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in. En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?" (Joël 2:10-11).

Let op dat God dit *Sy* leër noem! Die Almagtige God sal op dramatiese wyse in menslike sake ingryp. Groot oorloë – in werklikheid 'n wêreldoorlog – sal ongelooflike lyding vir die mensdom meebring terwyl God die nasies oordeel.

Daar sal nie slegs 'n vernietiging van militêre wa-pens wees nie; daar sal ook onbeskryflike ekologiese verwoesting wees! Wanneer God die opstandige nasies straf tydens die komende dag van die Here, sal Hy daardie nasies oproep om hulleself te verootmoedig en te bekeer! 'n Paar individue sal gehoor gee, maar baie van hulle sal voortgaan in hulle verharde rebellie teen God en Sy Woord.

Geagte leser, u hoef nie tot dan te wag om u te bekeer nie. Namate toestande op die wêreldtoneel vererger, wat lei tot die intense jaarlange lyding van die Dag van die Here, is dit nodig dat elkeen van ons vurig bid en roep tot God. Ons behoort seker te wees dat ons aan God se kant is! God se mees getroue mense wat leef wanneer dit gebeur, sal beskerm en veilig bewaar word (Openbaring 12:14-17). Dit sal die mense wees wat "die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar" (Openbaring 14:12). Gaan u een van daardie mense wees?

**Drie groot profetiese tydperke in twee-en-veertig maande**

Ons het gesien dat die dag van die Here 'n intense jaar van die eindtyd se profesieë is wat vervul word. Waar pas dit egter in die algehele tydraamwerk van eindtyd profesieë in? Dit is nodig dat ons erken dat daar drie groot tydperke beskryf is aan die einde van hierdie huidige tyd. Hulle is, in volgorde, die Groot Verdrukking, die hemelse tekens en die dag van die Here.

Wat sê die Skrif vir ons oor hierdie tye? Jesus het gepraat van die naderende hoogtepunt van hierdie eeu: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matthéüs 24:21-22).

Hierdie unieke tyd in die ganse geskiedenis – die groot verdrukking – word ook die tyd van Jakob se benoudheid genoem: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jeremia 30:7). Soos gereelde lesers van *Die Wêreld van Môre* weet, het Jacob – wie se naam later verander is na Israel – die patriarg van die twaalf stamme van Israel geword. Dit sluit nie net die stam in van Juda, wat

vandag se Joodse volk is nie, maar ook die stamme wat bekend geraak het as die tien "verlore" stamme, wat vandag hoofsaaklik in Noordwes-Europa en onder die Engelssprekende volke van die Verenigde State aangetref word asook die nasies van Britse afkoms. Joël se profesie is 'n profesie vir die *hele* hedendaagse Israel!

Na die groot verdrukking sal die wêreld die "hemelse tekens" sien wat ons voorheen beskryf het. Let op hoe Jesus hierdie tyd beskryf het: "EN dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word" (Matthéüs 24:29).

Na aanleiding van die hemelse tekens, is die dag van die Here die derde tydperk in hierdie volgorde, die jaar onmiddellik voor Jesus se terugkeer na planeet Aarde. Joël beskryf die volgorde soos volg: "En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom" (Joël 2:30-31).

**Sewe basuinplae**

Openbaring beskryf sewe "basuinplae" wat los uitgestort word gedurende die dag van die Here – die jaarlange tydperk uitgebeeld deur die sewende seël. Johannes beskryf die begin daarvan: "EN toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee" (Openbaring 8:1-2).

Elkeen van hierdie basuine sal 'n plaag of oordeel aankondig wat op die opstandige volke van die aarde uitgestort sal word! Wanneer ons deur Openbaring 8 lees, sien ons dat wanneer die eerste vier engele hulle trompette blaas, daar groot ekologiese verwoesting oor die hele aarde sal wees. Daar sal aardbewings wees; groot plantbegroeide gebiede sal verbrand, 'n derde van alle seelewe sal vrek; waterbronne sal vergiftig word; en die hemele sal verduister.

Die laaste drie basuinplae word *ellende* genoem. Die woord "*wee"* is 'n uitroep van *smart*. "En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!" (Openbaring 8:13).

Die eerste wee – die vyfde basuinplaag – word in Openbaring 9 beskryf wanneer die vyfde engel sy trompet blaas. Hierdie trompet kondig 'n vyfmaande-lange militêre veldtog aan. Die tweede wee – die sesde basuinplaag – beeld 'n intense militêre teenaanval uit: "Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë. EN die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat" (Openbaring 9:12-14). Op hierdie belangrike oomblik van die geskiedenis, sal 'n weermag van 200 miljoen soldate aan die westekant die Eufraatrivier oorsteek en 'n volle derde van die aarde se bevolking sal vernietig word! Gedurende hierdie fase van die eindtydse Wêreldoorlog III, sal letterlik *miljarde* mense doodgemaak word. Soos Jesus gesê het, tensy daardie dae verkort word, sal geen vlees gered word nie en indien God nie ingryp nie, sal alle lewe op aarde vernietig word.

**Goeie nuus word uitbasuin**

Ten slotte lees ons van die sewende basuin. Vir Christene is die blaas van die sewende basuin goeie nuus, omdat dit die vestiging van die Koninkryk van God op aarde en die Wederkoms van Jesus Christus aankondig. Dit is nodig dat ons almal voorberei vir daardie tyd! Ons lees: "EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Dít is die

goeie nuus waarna ons almal uitsien – die oomblik wanneer getroue Christene van hierdie huidige eeu uit die dood opgewek en in God se Familie gebore word as Sy letterlike seuns en dogters, wat die teruggekeerde Christus sal bystaan om die planeet Aarde te regeer tydens die geprofeteerde Millennium (1 Thessalonicense 4:16-17).

Dit is egter nie ál nie. Terwyl Christene sal juig oor die terugkeer van hulle Verlosser – die geprofeteerde Koning van die konings – moet ons onthou dat hierdie sewende basuin ook die aankondiging van die derde wee is. Vir diegene wat voortgaan om teen die teruggekeerde Christus te veg, wag daar nog 'n verskriklike oordeel, aangesien die sewende basuin ook die sewe laaste plae aankondig, soos beskryf in Openbaring 16. Dit sluit plae in soos pynlike sere op diegene wat die dier en sy beeld aanbid het. Dit sluit selfs giftige riviere en seë in soos die Skrif aandui: "... al die lewende wesens in die see het gesterwe" (Openbaring 16:3). Die son sal selfs nóg warmer word, wat uitermatige hittegolwe tot gevolg sal hê wat diegene sal pynig wat hulle nie van hulle sondes bekeer nie!

Dan sal 'n finale, kritieke geveg tussen die rebelle-magte en die teruggekeerde Jesus Christus plaasvind. In die noorde van Israel, op die vlakte van Jisreël, sal *massiewe* militêre magte byeenkom om te veg teen die Bevelvoerder van die Hemel se leërs, Jesus Christus.

> "TOE het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here" (Openbaring 19:11-16)

**Berei nou voor vir daardie dag**

Wanneer Christus na hierdie aarde terugkeer, sal Hy al sy vyande oorwin, met inbegrip van die nasies en hulle magtige leërs wat teen Hom sal veg by Sy Wederkoms. Die dag van die Here sal God se oordeel oor die nasies bring en die wêreldtoneel voorberei vir Jesus Christus se Wederkoms. Daarom beveel ons Here Self: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

In 'n sekere sin is die dag van die Here – soos ons gesien het – die jaar wat die Wederkoms van Christus voorafgaan maar in 'n ander sin, duur dit voort deur die Millennium en tot in ewigheid. Dit is 'n tyd van ellende vir God se vyande, maar 'n tyd van vreugde vir Sy volk.

God het in sy groot liefde vir ons, Sy dienaars, die toekoms geopenbaar. Johannes skryf die volgende in die laaste hoofstuk van u Bybel:

> "EN hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar" (Openbaring 22:6-7).

Ons moet waaksaam wees vir die dag van die Here. Dit sal 'n ontnugterende tyd wees wanneer God sal oordeel oor die nasies en die wêreld sal voorberei vir die Wederkoms van Jesus Christus. Daarná volg die wêreld van môre – 'n wonderlike tyd met skoonheid, voorspoed en herstelling onder die heerskappy van die Koning van die konings. Mag God daardie dag bespoedig! WvM

# Sal Rusland uitmekaar skeur?

## Deur Dexter B. Wakefield

In 1991 was die wêreld geskok toe die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke eenvoudig ontbind het. Dit het sy lidlande toegelaat om onafhanklike nasies te word. Is Rusland self, na drie dekades, besig om uitmekaar te val?Sommige waarnemers sien tekens dat die oorblywende Russiese Federasie op pad is na 'n skeuring en dat dit wel vroeër of later gaan gebeur. Daar word gevrees dat indien dit wel gebeur, dit skokkende gevolge vir die wêreld sal hê.

**Wat was die Sowjet-Unie?**

Om te verstaan wat vandag besig is om in Oos-Europa te gebeur, moet ons ten minste 'n mate van Russiese en Europese geskiedenis van die vorige eeu verstaan. Kort na die sluipmoord op die Russiese tsaar Nicholas II in 1918 is die voormalige Sowjet-Unie in 1922 gevorm toe Vladimir Lenin se Bolsjewieke 'n nuwe nasie gestig het naamlik die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR) – 'n eenparty-kommunistiese staat. Ná Lenin se dood het Joseph Stalin die Sowjet-Unie se ontwikkeling as 'n totalitêre sosialistiese polisiestaat meedoënloos voortgesit, wat toesig gehou het oor aansienlike industriële en militêre ontwikkeling. Miljoene mense is doodgemaak tydens Stalin se politieke suiwerings, hongersnood en strafkampe.

Nadat Nazi-Duitsland die USSR in Junie 1941 binnegeval het en 'n nie-aanvalsverdrag oortree het wat in Augustus 1939 onderteken is, het Stalin se magte teen Duitsland en die Geallieerdes, vir die res van die Tweede Wêreldoorlog geveg. Die Duitse leër het in duie gestort en toe het die Sowjets Oos-Europa beset, terwyl die Geallieerdes, Wes-Europa beset het. Die Geallieerdes het hulle magte onttrek en vrye verkiesings regoor Wes-Europa toegelaat. Sowjet-besette nasies was in die USSR opgeneem óf in 'n Russies-gedomineerde alliansie ingelyf, wat die Warschau-verdrag genoem is. 'n Figuurlike "ystergordyn" het die vrye nasies van Wes-Europa van die kommunistiese nasies van Oos-Europa geskei. Uiteindelik het 'n *fisiese* muur 'n groot deel van Oos-Duitsland van Wes-Duitsland geskei, sowel as ander gebiede van Oos- en Wes-Europa. Dekades later, met die ineenstorting van die USSR en die Warschau-verdrag, het baie van die voormalige Sowjet-republieke en Oos-Europese nasies probeer om 'n bondgenootskap met die Weste te vorm en sommige nasies het by die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) aangesluit.

**Wat is die Russiese Federasie?**

Na die verbrokkeling van die Sowjet-Unie is dit wat daarvan oorgebly het, hersaamgestel as die Russiese Federasie, wat vandag algemeen "Rusland" genoem word. Dit bestaan uit 85 saamgestelde eenhede in verskeie distrikte. Alhoewel dit 'n kleiner grondgebied as die ou Sowjet-Unie beslaan, het die Russiese Federasie steeds die grootste landoppervlakte van enige nasie. Die lengte van 6,000 myl sluit elf tydsones in. Dit is byna twee keer groter as Kanada.

Alhoewel baie etniese groepe in die Russiese bevolking verteenwoordig word, is die Russiese Federasie ongeveer 80 persent Russies. Etniese spanning, ekonomiese probleme en Russiese oorheersing het bygedra tot die verbrokkeling van die Sowjet-Unie en daar is steeds aansienlike etniese en ekonomiese spanning binne die Russiese Federasie.

**Wat is Europa?**

Die grootste deel van die aarde se sewe kontinente is merendeels geografies geskei. Antarktika en Australië is eilandkontinente, Noord-Amerika en Suid-Amerika word geskei deur 'n smal landengte en Afrika raak slegs aan Asië se noordoostelike rand in Egipte. Alhoewel ons Europa en Asië aparte vastelande noem, is dit een landmassa, met geen

oseaan wat hulle skei nie. Wat skei Europa en Asië dus fisies? Waarom identifiseer die Franse en Duitsers as Europeërs en die Siberiërs as woonagtig in Asië? Die antwoord is geopolities van groot belang.

Die Duitse Rooms-Katolieke kardinaal Joseph Ratzinger, wat later Pous Benedictus XVI sou word, het die bekende vraag gevra: "Wat is Europa presies?" Sy antwoord? "Europa is nie 'n kontinent wat in presiese geografiese terme beskryf kan word nie, dit is liewer 'n kulturele en geskiedkundige konsep". Hy het verduidelik dat die idee van Europa uit sy geestelike grondslag in die hoofstroom Christendom spruit, maar as 'n fisiese grens het hy verwys na die Oeral-bergreeks as Europa se grens met Asië *(Europe Today and Tomorrow*, bll. 11, 18).

Indien daardie bergreeks, bekend as die Oeral, Europa van Asië skei, moet ons in ag neem dat dit *Rusland* óók verdeel. Die Russiese gebied wes van die Oeral, wat oor die algemeen van noord na suid loop, het geskiedkundig meer met Europa in gemeen en word dikwels "Europese Rusland" genoem. Die Russiese tsaars het hulle ryk van daar af regeer en Russiese aristokrate het dikwels met hulle Europese eweknieë ondertrou. Moskou is wes van die Oeral en in Europese Rusland geleë. Na die ooste word Russiese streke soos Siberië, as deel van Asië beskou. Dit is nie net Benedict wat die Oeral beskou as die oostelike grens van die vasteland van Europa nie.

Die Oeral is as gevolg hiervan 'n geopolitieke breuklyn binne die Russiese Federasie en 'n diep onenigheid is besig om daar te vorm.

**Nog 'n Russiese verdeling?**

Daar is toenemende kommer dat die Russiese Federasie, soos die Sowjet-Unie kan versplinter, wat gevaarlike en destabiliserende gevolge inhou. Politici en kommentators in Wes-Europa, Oos-Europa en Rusland spreek hulle toenemend hieroor uit, hoewel dit nie dikwels in die Noord-Amerikaanse media gehoor word nie.

Andrey Kortunov, die direkteur-generaal van die Russiese Raad vir Internasionale Aangeleenthede in Moskou, het onlangs geskryf dat "die eintlike ineenstorting van die USSR eers vandag besig is om plaas te vind – letterlik voor ons oë. Die state wat in die post-Sowjet-ruimte ontstaan het, sal egter nog deur al die uitdagings, risiko's en pyne van imperiale disintegrasie gaan ... Dit wil voorkom in die oë van die leierskap in die Kremlin, asof 'n Wes-georiënteerde Oekraïne wat nóu saamwerk met NAVO, 'n geweldige uitdaging bied, nie net vir Rusland se veiligheidsbelange nie, maar selfs vir Rusland se voortbestaan" (*Internationale Politik Quarterly*, 31 Maart 2022).

So lank terug as 2011 het die Russiese president Vladimir Poetin die gevaar van 'n verbrokkeling van die Russiese Federasie erken. By 'n regeringskommissie vir die ontwikkeling van die Noord-Kaukasiese Federale Distrik in Gudermes, het hy gewaarsku oor wat sou gebeur as die Kaukasies sou probeer om die Russiese Federasie te verlaat: "Indien dit gebeur, sal daar onmiddellik, op dieselfde sekonde – nie eers 'n uur nie, maar 'n sekonde later, sal daar diegene wees wat dieselfde wil doen met ander territoriale entiteite van Rusland ... en dit sal 'n tragedie wees wat elke burger van Rusland sonder uitsondering sal raak" (*RG.ru,* 20 Desember 2011).

Die geleerde Michael Rubin het vroeg in 2022 geskryf: "'n Vraag vir Oekraïners en die internasionale gemeenskap sal wees hoe om post-Poetin Rusland te hanteer" (*AEI,* 27 Februarie 2022). Hy is ook nie die enigste V.S.-kenner wat die verbrokkeling van Rusland voorsien nie. Alexander J. Motyl, professor in politieke wetenskap aan die Rutgers Universiteit-Newark, skryf vir *The Hill*, die volgende:

> Dit is weer 1991 en nou, netsoos destyds, is Westerse beleidmakers en ontleders vreesbevange om die twee groot "wat as"-vrae te konfronteer wat ontstaan het as gevolg van die Russiese president, Vladimir Poetin. se rampspoedige oorlog met die Oekraïne: Wat sal gebeur as die Russiese

Federasie in die Sowjet-Unie se voetspore volg en op die rand van ineenstorting is? ... Hoe gouer die Weste begin nadink oor hoe 'n Russiese ineenstorting sal lyk, hoe beter – nié omdat daar nie veel is wat ons daaraan kan doen om dit te keer nie, maar omdat dit verreikende gevolge vir die wêreld sal hê ... Indien die Russiese Federasie ineenstort, sal dit wees as gevolg van die spanning en swakhede inherent aan die stelsel, die onvermoë van Poetin om die stukke bymekaar te hou en sy elite gelukkig te hou asook die katastrofiese impak op Rusland as gevolg van sy idiotiese besluit om Oekraïne binne te val met 'n weermag wat onvoorbereid was vir so 'n waagstuk ... Die Russiese Federasie kan 'n gedaanteverandering ondergaan na 10 of meer state, waarvan slegs een as Rusland bekend sou staan. Dit sou die wese van Eurasië vir altyd verander ... Al wat die Weste kan en moet doen, is om voor te berei vir 'n moontlike uitkoms: Die verdwyning van Rusland soos ons dit ken (13 Mei 2022).

Niks hiervan is nuus vir president Poetin nie. 'n Mens wonder of sy aanval op die Oekraïne dalk minder van 'n waarskuwing vir NAVO is as 'n waarskuwing aan die verskillende streke van die rustelose Russiese Federasie. Die opbreek van die nasie wat ons as Rusland ken, sal dalk nie vreedsaam wees nie.

**Die magte wat aan die werk is**

Ontleders maak melding van verskeie magte wat aan die werk is om die Russiese Federasie te verdeel. Binne die ou Sowjet-Unie was daar die bindende beginsel van kommunisme in 'n totalitêre staat. Met die ineenstorting van die Sowjet-staat, die gelyktydige mislukking van die sosialistiese ekonomie en die daaropvolgende verwerping van die gepaardgaande ideologie, staan Rusland voor die uitdaging om vas te stel watter samebindende faktore oorbly en dit te behou om die diverse streke bymekaar te hou. Ontleders merk op dat daar spanning is wat tot verdeeldheid lei en die Federasie uitmekaar skeur. Dit sluit die plaaslike nasionalisme van die individuele streke in asook die toename in mag van die elite in hierdie streke, verhoogde ekonomiese ongelykhede, regeringskorrupsie en Europese Rusland se vermeende ontginning van die Asiatiese streke.

Die oorlog in die Oekraïne en die gevolglike sanksies teen Rusland het die verdelende spanning vererger. Nog 'n faktor, wat politici en staatsmanne dikwels nie raaksien nie, is die godsdienstige bande tussen Europa en Europese Rusland, wes van die Oeralgebergteskeiding. Die geskiedkundig geestelike bande van Rooms-Katolisisme en Oosterse Ortodoksie is diep gesetel in 'n voormalige eenheid, 'n identiteit onderliggend aan die konsep van Europa.

Poetin, 'n voormalige KGB-beampte, het nie vergeet dat Pous Johannes Paulus II in sy nege besoeke aan Pole sy mense herinner het aan 'n mag hoër as die ateïstiese kommunistiese regime nie. Kort nadat die pous Oos- en Wes-Europa "die twee longe van Europa" genoem het, het die Sowjet-Unie en Warschau-verdrag ontbind. Pous Benedictus XVI het sy voorganger se beeldspraak herhaal toe hy uitgeroep het: "Laat ons weer dat Europa met albei longe asemhaal" (*Catholic News Agency*, 21 Mei 2010). Poetin is bekend met die Vatikaan se siening dat Europa tot by die Oeral strek. Sal "die twee longe van Europa" skielik diep asem skep? Baie invloedryke godsdienstige figure hoop so.

Is dit moontlik dat daardie diep-gesetelde en antieke kulturele en godsdienstige wortels bydra om Europese Rusland polities met die res van Europa te verenig? Europese Rusland sal tot 'n groot militêre mag in Wes-Europa bydra, met inbegrip van 'n massiewe kernkrag-vermoë. Die meeste van Rusland se kernwapens, beide takties en interkontinentaal, is in Europese Rusland geleë. 'n Versterkte nuwe Europese superstaat sou

***Vervolg op bladsy 7***

# Vrae & Antwoorde

## Het die Apostel Paulus gesê dat alle diere vir voedsel gebruik kan word?

**Vraag:** Ek het so pas 1 Timòtheüs 4:4 gelees, waar die apostel Paulus sê dat "alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie". Beteken dit nie dat elke dier vir die mens geskik is as voedsel nie?

**Antwoord:** Baie mense gebruik hierdie vers in 'n poging om te kenne te gee dat Paulus met God se wette oor rein en onrein diere weggedoen het ten spyte daarvan dat Paulus elders sê dat God se wette heilig, regverdig en goed is (Romeine 7:12).

Wanneer enigiemand die apostel Paulus se stellings as 'n verskoning gebruik om God se Wette te ignoreer – wees gewaarsku. Die apostel Petrus is geïnspireer om te skryf dat "ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf" (2 Petrus 3:15-16).

Petrus moedig ons aan om versigtig te wees, sodat ons nie in die strik trap van diegene wat die apostel Paulus se opmerkings *verdraai* om iets te sê wat hulle nie bedoel het om te sê nie. Dit is vir almal duidelik dat daar 'n paar diere is wat nie geskik is as voedsel vir die mens nie soos byvoorbeeld 'n seester waarvan die vleis 'n dodelike neurotoksien bevat waarvoor daar geen bekende teenmiddel is nie. Het Paulus dus eintlik vir Timótheüs gesê dat God ons nou toelaat om elke dier wat deur Hom geskape is, te eet?

Om die konteks te ondersoek is 'n sleutel om die Bybel te verstaan. Ons lees die volgende in 1 Timótheüs 4:1–3: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

Let op dat Paulus nie God se Wet bespreek nie, maar eerder "leringe van duiwels" – deur mensgemaakte regulasies te noem wat huwelike verbied en ook onthouding vereis van voedsel wat God geskep het vir mense om te eet. Hy het dieselfde probleem in sy brief aan die Kolossense aangespreek en sulke mensgemaakte beperkings die "gebooie en leringe van mense" (Kolossense 2:22) en "eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam" genoem (vers 23).

Is daar valse weergawes van Christenskap wat sommige mense verbied om te trou en vereis dat gelowiges hulle – byvoorbeeld – daarvan weerhou om vleis op 'n spesifieke dag van die week te eet? Daar is! Paulus spreek sulke valse oortuigings aan soos "vis op Vrydae" en "Christelike vegetarisme". Hierdie beperkings kom nie uit die Bybel nie, maar uit die tradisies van mense en Paulus noem dit "leringe van duiwels"! Hy praat duidelik *nie* van God se instruksies oor presies watter diere Hy geskep het en wat geskik is as voedsel vir menslike gebruik nie.

### Afgesonder deur God se Woord

1 Timótheüs 4:4-5 gee ook vir ons 'n deurslaggewende konteks: "Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit

*Vervolg op bladsy 26*

# Roe is uit, Dobbs is in: DIE STAND VAN ABORSIE IN AMERIKA

**Deur William Bowmer**

Wat sal verander met die afskaffing van Roe v. Wade en wat sal nie verander voor Christus se Wederkoms nie?

"Aborsie bring 'n diepgaande morele vraag na vore". So het die Hooggeregshof van die Verenigde State (SCOTUS) gesê in die uitspraak op 24 Junie oor *Dobbs v. Jackson Women's Health Organization*, wat die vorige hofbeslissings *Roe v. Wade and Planned Parenthood v. Casey* tersyde gestel. Met die uitspraak, het SCOTUS tog verkies om nie daardie "diepgaande morele vraag" te beantwoord nie. Dit behoort liewer, soos wat die meerderheidsopinie te kenne gegee het, beantwoord word deur "die mense en hulle verkose verteenwoordigers" (*SupremeCourt.gov*).

Hoe kan ons dus die SCOTUS-meerderheid in *Dobbs* beskryf? Ironies genoeg was dit *pro-keuse* – wat elke staat toegelaat het om oor sy eie wette van aborsie te besluit! Indien u slegs na televisie nuusprogramme gekyk het of net die opskrifte van koerant- en webwerf-berigte gelees het, sou u dalk dink SCOTUS het 'n "pro-lewe" standpunt ingeneem en aborsie verbied, wat eenvoudig nie waar is nie. Tog, ná byna 50 jaar van nasionaal bevestigde wetgewing, sal die beskikbaarheid van aborsie weer van staat tot staat verskil, soos voor Januarie 1973 toe die hof met 'n 7-2 meerderheid sy *Roe*-uitspraak gelewer het.

Hoe het dit gebeur? In 2018 het 75 persent van nasies regoor die wêreld aborsie ná twaalf weke verbied, tensy die swangerskap die moeder se lewe in gevaar gestel het. Die V.S. was een van slegs sewe lande wat aborsie op aanvraag toegelaat het na 20 weke van swangerskap. Baie staatswetgewers van Mississippi het hulle land se wette as onnodig toegeeflik beskou en het die Mississippi *Gestational Age Act* aanvaar, wat aborsies na 15 weke van swangerskap verbied het. Alhoewel dit beskikbaarheid tot aborsie op 'n later stadium moontlik gemaak het soos wat algemeen in 'n groot deel van die wêreld is, het voorstanders van aborsie die beperking as te ingrypend beskou en die hofsaak aanhangig gemaak wat nou informeel as *Dobbs* bekend staan.

'n Nuusontleding van die *Washington Post* in Mei 2022 het opgemerk dat ongeveer 7 persent van die V.S. aborsies in 2019, ná die vyftiende week van swangerskap plaasgevind het. Deur sy uitspraak op die 1970's se mediese kennis te baseer, het *Roe* dit verbied om 'n gesonde swangerskap na 26 weke te beëindig op die veronderstelling dat "fetale lewensvatbaarheid" teen daardie tyd bereik is. 'n Uitdaging was onafwendbaar, aangesien mediese tegnologie sedert die 1970's, lewensvatbare geboortes na net 21 weke van swangerskap toegelaat het. Soos die hof se meerderheidsmening in *Dobbs* inderdaad erken het, "die ouderdom van lewensvatbaar maak geen sin nie". *Roe* kon nie die vooruitgang van die mediese wetenskap teenstaan nie.

**Terug na die state**

Met die wete dat *Roe* nie as 'n vaste presedent sou voortduur nie, het baie state die afgelope paar jaar "kitswette" aangeneem wat ontwerp is om in *Roe* se afwesigheid in werking te tree. Twintig state en die distrik van Colombia het wette ingestel wat beduidende post-*Roe*-beskikbaarheid tot aborsie behou, terwyl nog 13 wette aangeneem is om aborsie verder te beperk indien *Roe* omvergewerp sou word.

Veral in die Suidelike en Midwestelike state, waar anti-aborsiebeperkings oor die algemeen die strengste is, sal die koste van aborsies op 'n latere termyn swangerskappe met die koste van bustariewe styg tot die naaste aborsie-vriendeliker staat. Selfs diegene

wat aborsie meer algemeen beskikbaar wil sien, gee toe dat nuwe beperkings nie 'n groot struikelblok sal wees vir ryker vroue wat 'n dokter sal kan vind wat bereid is om die gevaar van 'n swangerskap te bevestig, of wat bloot na 'n buurstaat kan gaan vir die prosedure nie. Dit is die miljoene lae-inkomste vroue vir wie aborsie 'n laaste uitweg van geboortebeperking is wat waarskynlik nuwe druk sal ondervind om hulle kind na geboorte te vir die volle 9 maande te dra.

Is daar enige ander presedent wat so 'n belangrike saak aan individuele state oorlaat? Oorweeg die huwelik – sonder twyfel die heel belangrikste instelling vir die stabiliteit van 'n nasie. In ses state – Delaware, Minnesota, New Jersey, New York, Pennsilvanië en Rhode Island – word huwelike verbied vir enigiemand jonger as 18. In Nebraska moet paartjies wag tot ouderdom 19, tensy hulle ná die ouderdom van 17, die ouers se toestemming het. In Mississippi moet paartjies wag tot die ouderdom van 21, tensy hulle ouerlike toestemming het, seuns na ouderdom 17 en meisies na die ouderdom van 15. In Alaska kan 'n egpaar met ouerlike toestemming en regsgoedkeuring op die ouderdom van 14 trou. Sommige state laat huwelike toe op ouderdom 16 of 17 met ouerlike toestemming. Ander state vereis beide ouers en regstoestemming. Verwarrend? Miskien. Ons vind egter nie pro-huwelikaktiviste wat geld insamel om busvervoer te finansier vir jong paartjies wat na state wil reis waar tienerhuwelike wettig is nie. Ons het ook nie gesien dat die Federale Regering ingryp om plaaslike voorkeure oor huwelikouderdom uit te skakel nie.

**Gevolge van *Dobbs*?**

Die meerderheidsmening van die hof het verklaar dat daar nêrens in "die grondwet na aborsie verwys word nie en geen sodanige reg word indirek deur enige grondwetlike bepaling beskerm nie". Dit maak dit dus 'n saak waaroor elk van die land se 50 state self moet besluit. Die drie andersdenkende regters het nogtans in hulle menings aangedui dat "geen woord in vandag se besluit die Federale Regering keer om aborsies landwyd te verbied nie". Wat hierdie regters egter nie gesê het nie, is die ontnugterende realiteit dat die Federale Regering ook landwyd aborsies kan *toelaat.* Ten spyte van die uitroepe van pro-aborsie aktiviste, het die V.S. Kongres besluit om dit nie te doen in die byna 50 jaar sedert *Roe* nie. Die situasie het eerder berus op 'n uitspraak van die Hooggeregshof, nie 'n Federale wet nie.

Indien die Kongres sy eie aborsiewet uitgevaardig het, sou ons dalk nie nou te staan gekom het voor die twispunt en stryd wat aan die broei is terwyl state voorberei om die nuwe *Dobbs*-standaard te toets nie. Opmerkings deur regter Clarence Thomas, dui reeds aan dat vorige "behoorlike proses"-presedente in SCOTUS-sake *Obergefell v. Hodges*, *Lawrence v. Texas* en *Griswold v. Connecticut* – wat landwye goedkeuring vir dieselfdegeslag "huwelike", dieselfdegeslag intimiteit en metodes vir voorbehoeding – vir hersiening oorweeg behoort te word. Die meerderheidsopinie het tog verkies om Thomas te weerspreek en daarop gewys dat "regte met betrekking tot voorbehoeding en dieselfdegeslag verhoudings inherent verskil van die reg op aborsie omdat laasgenoemde (soos ons beklemtoon het) uniek behels wat *Roe* en *Casey* genoem het 'potensiële lewe'".

In reaksie hierop het die drie andersdenkende regters, ironies genoeg, Thomas se kant gekies deur die meerderheid se mening aan te val, wat volgens hulle natuurlik sou lei tot die heroorwegings waarvoor regter Thomas gehoop het. In plaas daarvan om te erken dat verskillende regters hulle opregte verskillende regsperspektiewe op hierdie omstrede aangeleenthede kan toepas, om verskillende gevolgtrekkings te bereik, het die andersdenkendes hulle oortuigende argumente nog verder uitgebrei met 'n gewaagde beskuldiging: "Die opinie van die meerderheid is skynheiligheid, óf addisionele grondwetlike regte word bedreig. Dit is die een of die ander".

Selfs die drie regters wat die meerderheid teëgestaan het, het tog hulle verskillende opinies verduidelik dat "die staat vanaf die begin van die swangerskap wettige belange het om die 'lewe

van die fetus wat 'n kind kan word' te beskerm". Ja, u lees dit korrek. Nie een van die nege regters het ontken dat die individu wat in die baarmoeder ontwikkel 'n "lewe" is nie. Selfs volgens die drie andersdenkende regters was hierdie nie 'n besluit oor die beskerming of die bedreiging van lewens nie; dit het gegaan oor die vraag of besluite oor daardie lewens op Federale vlak afgedwing behoort te word of deur die individuele state opgelos behoort te word.

**Wat kom volgende?**

Kan ons verwag dat regter Thomas se perspektief sal seëvier? Sommige betrokkenes het hulle vrees uitgespreek dat ander jarelange presedente omvergewerp kan word. Wat die vuur van partydigheid aangeblaas het, was dat verskeie senatore wat aan Justice Brett Kavanaugh se bevestigingsverhore deelgeneem het nou na verdere oorweging hulle kommer uitgespreek het oor die rigting wat die regter se stellings nou ingeslaan het met betrekking tot *Roe* as "gevestigde wet" en bevraagteken nou Kavanaugh se bevestiging as regter. Ondersteuners van die *Dobbs*-besluit haal die berugte *Plessy v. Ferguson*-saak aan wat in 1896 rasse-segregasie gewettig het, maar deur *Brown v. Board of Education* in 1954 afgeskaf is. Albei partye stem saam dat hofpresedente nie absoluut is nie – slegte besluite kan verander word – maar stem nie saam dat *Roe of Dobbs* 'n gepaste voorbeeld van 'n slegte besluit is nie.

Laat ons inderdaad nie vergeet dat, of mense nou sorgvuldig hulle woorde tel of nie – soos wat 'n mens van 'n regter van die Hooggeregshof sou verwag – mense wel hulle opinies mettertyd kan verander. Het die Demokrate van die Senaat gehoor wat hulle wou hoor in die beoordeling van Kavanaugh se getuienis wat *Roe* as vasgestelde wet erken, of het hy moontlik die feite in *Dobbs* opnuut ondersoek en van plan verander? Hoe ver behoort ons te gaan om individue te oordeel op grond van menings wat hulle in die verlede uitgespreek het? Selfs president Biden het toe hy as 'n senator van Delaware gedien het in 1981 by 'n groep Republikeinse senatore aangesluit ter ondersteuning van 'n voorgestelde grondwetlike wysiging wat aborsie sou verbied. Daar het egter niks van die wysiging gekom nie. 'n Jaar later het Biden van standpunt verander en sy vorige keuse toegeskryf as 'n uitdrukking wat verband hou met sy "Rooms-Katolieke agtergrond". Wie kan dus sê wat die regters sal doen indien hulle gevra word om vorige SCOTUS-uitsprake te heroorweeg rakende ander besluite wat aan die Federale Regering toegewys was en wat voorheen aan die state oorgelaat is.

Wat die partydige verdeeldheid betref waarin die V.S. hom nou bevind, kan ons in gedagte hou dat Kavanaugh met 'n klein meerderheid van 50-48 in die senaat bevestig is, met 49 van daardie 50 stemme wat van Republikeine gekom het. Die enigste demokratiese senator wat Kavanaugh ondersteun het, was

***Vervolg op bladsy 10***

***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed." Om geheilig te word is om afgesonder te wees en Paulus sê hier, hy praat van voedsel van *diere wat afgesonder is deur die Woord van God.*

Watter diere is deur die "woord van God" afgesonder as geskep vir menslike gebruik? Die rein diere van Levítikus 11 en Deuteronómium 14! Dit sluit diere in soos beeste of skape, wat gesplete hoewe het en herkou. Die woord van God onderskei hulle duidelik as geskape om goed te wees vir voedsel. Trouens, geen diere in die wêreld is deur die woord van God afgesonder nie, *behalwe* die diere wat die Bybel rein verklaar.

In die verband is dit duidelik dat Paulus nie geleer het dat elke dier goed is vir voedsel nie. Hy het leringe van duiwels en mensgemaakte beperkings weerlê en verduidelik dat al die skepsels wat God in Sy woord afgesonder het, aanvaarbaar is – nie daardie diere wat God nie in die eerste plek geskep het om geëet te word nie. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

gebreke om die konteks van Matthéüs 24:36 te verstaan wat vir ons sê dat niemand "dié dag en dié uur" van Sy Wederkoms weet nie.

Die konteks van hierdie gedeelte begin met 'n vraag van Jesus se dissipels: "... wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matthéüs 24:3). Jesus beskryf dan verskillende tekens waarna hulle moet oplet, met inbegrip van die gruwel van verwoesting (vers 15). Hy waarsku ook dat 'n groot verdrukking en hemelse tekens voor Sy Wederkoms sal plaasvind (verse 29-30). Christus sal dan terugkeer met die blaas van 'n basuin: En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan" (vers 31).

Jesus beveel aan dat ons 'n les uit die gelykenis van die vyeboom sal leer: "Wanneer sy tak al sag word en blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur" (Matthéüs 24:32-33).

Dit is duidelik dat sekere gebeure éérs moet plaasvind en so kan ons onderskei tussen sekere tekens wat die algemene tydraamwerk aandui. Christus sê aan ons dat om die presiese dag en uur van Sy Wederkoms te weet, 'n ander saak is (vers 36), maar Hy volg dit op met nog 'n teken om na op te let (verse 37-38).

Die Feeste en Heilige Dae van God lê stap vir stap, God se plan van verlossing uit. Die eerste deel van die plan wat ons dikwels die "Herfsfeeste" noem (Jerusalem is in die noordelike halfrond) is die Fees van Trompette. Hierdie Fees toon duidelik vir ons aan dat Jesus nié vanaand sal terugkeer nie. Jesus het gesê dat "Hy sal Sy engele uitstuur met harde trompetgeluid" (vers 31) en die Fees van Basuine beeld die blaas van sewe basuine uit – wat elkeen tot 'n gebeurtenis lei wat hierdie aarde sal skud. Het enige van die ses trompette se geskal – met hulle rampspoedige gebeure – soos geopenbaar in Openbaring 8-9, reeds plaasgevind? Het iemand al 'n leër bestaande uit 200-miljoen soldate wat weswaarts vanaf Asië op pad is gesien? Indien nie, kan Christus nie vanaand kom nie. Dit is slegs wanneer die sewende basuin geblaas word dat Christus se Wederkoms sal plaasvind (Openbaring 11:15).

Kan "die wegraping" dan nie enige tyd plaasvind, soos so baie mense geleer is nie? Dit is 'n ope vraag wat baie opregte mense vra. Dit verteenwoordig egter 'n valse konsep en indien u graag agter die waarheid wil kom met betrekking tot hierdie misleidende leerstelling, laat weet ons en ons stuur graag aan u ons gratis DVD, *Is the Rapture Your Incredible Future*? of ons gratis artikel "Die geheime wegraping – Valse hoop vir eindtydse Christene!"

**God se beloofde pad na hoop**

Wat ons bespreek het, is net een klein deeltjie van die geheelbeeld – daar is soveel meer wat duidelik gemaak word deur die onderhouding van die Heilige Dae wat God ingestel het. 'n Groot groep wat die Sabbat onderhou, onderrig dat ná Christus se Wederkoms, die aarde 'n woesteny sal wees met geen oorlewendes nie. Die onderhouding van die Huttefees openbaar egter net die teenoorgestelde! Wanneer Jesus as Koning van die konings terugkeer, sal een van Sy eerste opdragte wees dat alle nasies verteenwoordigers na Jerusalem moet stuur om hierdie Fees [Huttefees] te onderhou (Sagaría 14:16). Stel u voor: Christus regeer as Koning oor die hele aarde (vers 9) en wanneer Sy bevel gegee word is daar egter geen lewende wese om die bevel uit te voer nie. *Belaglik*.

Soos duidelik in die Skrif openbaar word is hierdie verteenwoordigers nié geestelike wesens nie:

> Wie van die geslagte van die aarde ook al nie na Jerusalem optrek om die Koning, die HERE, te aanbid nie van leërskare, op hulle sal daar geen reën val nie. As die geslag van Egipte nie optrek en ingaan nie, hulle sal geen reën hê nie; hulle sal die plaag ontvang waarmee die HERE die nasies tref wat dit nie doen nie kom op om die Huttefees te vier. Dit sal die straf wees van Egipte en die straf van al die nasies wat nie opkom om die Huttefees te vier nie

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

(v.17-19).

Elke jaar kom lede van die Lewende Kerk van God bymekaar om herinner te word aan wat hierdie groot Fees beteken – die tyd wanneer Jesus Christus vir 'n duisend jaar lank vrede na hierdie geteisterde planeet sal bring. Daar sal natuurlik nie vrede wees terwyl die mensdom se groot teëstander, Satan die duiwel, nog teenwoordig is nie. Die Dag van Verootmoediging spreek egter daardie probleem aan en verwys na die dag wanneer Satan verwyder sal word en nie meer in staat sal wees om die mensdom te beïnvloed nie.

Dit is bloot 'n voorsmakie van wat God in gedagte het vir diegene wat die uitdaging aanvaar om die Heilige Dae wat deur Hom ontwerp is te onderhou om Sy wonderlike plan van verlossing te verduidelik. Laat weet ons wanneer u gereed is om daardie uitdaging te aanvaar en te leer van die opwindendste waarhede wat ooit aan die mensdom gegee is!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**